# Sensus beoog om soja-insekplae te voorkom

**Deur Susan Botes**

Die eerste studie oor insekbiodiversiteit in Suid-Afrikaanse sojaboonlande word deur die Landbounavorsingsraad (LNR) se Instituut vir Graangewasse (IGG) in Potchefstroom beoog.

Me. Jean-Maré Truter, projekleier en entomoloog by die LNR, het 'n beroep op sojaboonboere gedoen om hul lande vir dié studie oop te stel.

**In 'n voorlopige opname van drie weke is meer as 85 verskillende insekspesies in sojaboonlande geïdentifiseer.**

"Insekte kan verskil tussen sojaboonproduksiegebiede. Daarom wil ons soveel moontlik boere by die studie betrek.

"Tans is amper geen wetenskaplike inligting oor insekbiodiversiteit in sojaboonlande in Suid-Afrika beskikbaar nie. Dus is dit belangrik om alle gebiede in ag te neem sodat 'n geldige gevolgtrekking gemaak kan word."

Sojabone se gewildheid as rotasiegewas het beslis toegeneem namate boere oorskakel na bewaringsboerdery. Die afgelope dekade het die aantal hektare onder sojabone die hoogte ingeskiet.

In die 2001/'02-seisoen is 124 000 hektaar sojabone in Suid-Afrika aangeplant. In 2010/'11 het dié syfer tot 472 000 hektaar gegroei. Daaruit blyk dit duidelik dat insekbiodiversiteit in Suid-Afrika gemonitor moet word om oorgehaal te wees vir moontlike insekplae wat kan kop uitsteek, sê Truter.

In 'n voorlopige opname, wat drie weke geduur het, kon Truter en haar span meer as 85 verskillende insekspesies in sojaboonlande identifiseer. Aangesien daar in so 'n kort tydperk reeds soveel insekspesies versamel is, is dit duidelik dat 'n langtermynstudie nodig is.

Die beoogde studie sal fokus op insekbiodiversiteit en die hoeveelheid insekte wat in die spesifieke gebied se sojaboonlande voorkom. Dit sal ook fokus op insekplae of toekomstige probleme as dit waargeneem word en die invloed wat geneties gemodifiseerde sojabone op insekbiodiversiteit kan hê.

*Navrae: Me. Jean-Maré Truter, e-pos:* ***truterj@arc.agric.za*** *of tel. 018 299 6323.*



**Me. Jean-Maré Truter, entomoloog by die Landbounavorsingsraad, soek na insekte in sojaboonlande.**